



Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging
(SASV)


Bulletin 1A

2015/1

Blaasduiwe

Die Blaasduiwe bestaan uit verskeie rasse wat goed verteenwoordig is in Suid Afrika en hulle word ook regdeur die land aangetref. Die vermoë van hierdie duiwe om hulle kroppe vol wind te blaas, is die hoofkenmerk van hierdie groep, maar elke ras het sy eie kenmerke.

Norwich Kropper




Die Norwich Kropper het 'n groot ronde krop met wit vere wat die vorm van 'n sekelmaan vertoon. 'n Paar wit vere wat die vorm van 'n rosset vertoon, word op die vlerkskilde aangetref. Die hoofpenvere is ook wit. Vanaf die punt van die bek tot die punt van die stert, moet die duif nie meer as 375mm meet nie. Die onderbene is sonder vere en is ongeveer 100mm vanaf die binnekant van die bobeen tot by die bal van die voet. Die krop (25), lyf (15), bene (18) en houding (25) tel die meeste punte tydens beoordeling van die Norwich Kropper.

Brunner




Die Brunner is die kleinste en fynste van al die blaasduiwe. Die duif is lewendig en energiek. Die Brunner het 'n penoerent houding wat lank, slank en skraal vertoon. Vanaf die kant gesien, moet die stert 'n reguit lyn met die rug vertoon. Die krop moet so rond soos 'n bal vertoon en moet 'n duidelike insnyding by die nek vertoon. Die ideale lengte van die punt van die bek tot by die punt van die stert is 325mm. Die krop en houding (30) en die pote en bene (25) tel die meeste punte tydens beoordeling van die Brunner.

Pigmy Pouter




Die Pigmy Pouter word beskou as 'n kleiner weergawe van die English Giant Pouter. Wanneer daar na die Pigmy Pouter gekyk word, moet jy aan die vooraansig, syaansig en agteraansig aandag gee. Vooraansig - die krop is ver uitgestoot om 'n skerp aansluiting by die lyf te vorm. Die bene is reguit en na aanmekaar vanaf die lyf tot by die knieë, die onderbene is effens na buite gedraai. Die bene en die voete is met vere bedek. Syaansig - die oog moet loodreg oor die bal van die voet wees. Agteraansig - Die rug tussen die skouers is hol en baie nou en spits geleidelik af na die stert.

Holle Kropper



Die Holle Kropper se kop en nek word ver na agtertoe gedra met die kop wat in die middel van die krop rus. Die krop is goed geblaas, die skouers weggesteek in die lyf met die vlerke en stert wat horisontaal na agter strek vanuit die lyf. Die duif moet op sy tone wieg met 'n lyf wat bewe van aksie. Die lyf is kort, diep, kompak en so rond as moontlik, met 'n breë ronde bors en 'n hol rug. Die kop, nek, krop en lyf sluit op so 'n manier bymekaar aan dat die duif 'n sirkelvormige beeld vertoon.

Hollandse Kropper



Die Hollandse Kropper is 'n swaar, breë duif met 'n groot krop en lang digte voetvere. Van die kant gesien, moet die duif nie meer as 45° met die grond staan nie. Die opgeblaaste krop moet egalig wegraak in die bors en lyf. Die lyf, stert en vlerke moet lank wees, die bene en hul digte vere moet die effek van 'n voetstuk onder die duif gee. Die bene is met vere bedek en so ook moet die voete met lang vere bedek wees wat die indruk skep dat hulle vlerke het.

English Giant Pouter




Die English Giant Pouter vertoon regop en grasieus. Die lyf is dun, maar lank. Die bene vloei geleidelik uit die lyf en is teenmekaar geplaas met min van die boonste gewrigte sigbaar. Die plasing van die bene is ver agtertoe in die lyf sodat 'n lang bors vertoon word. Die bene is effens gebuig by die knieë en is so lank as moontlik veral vanaf die knie tot by die bal van die voet. Die bene is dig en egalig met vere bedek wat die indruk van kouse skep. Die tone is goed geveer met matige lang vere. Die krop is groot in verhouding met die duifgrootte en het egalige rondings.

Reversewing Kropper



Die Reversewing Kropper is groot, hoog, regop en is 'n indrukwekkende duif met sterk veervoete. In verhouding met die lyf is die bene lank, maar vertoon nie wydsbeen nie. Die bobene wys vorentoe. Die hakvere moet vol en goed ontwikkel wees en die voetvere moet gelyk, vol en lank wees. Die basiese kleur is wit. Die voorkop en bokop vertoon 'n gekleurde streep van 1cm. Die nek, skouers, rug, bors en alle vere van die stert is gekleurd. Die hartvormige gekleurde deel van die nek en rug, moet groot wees en selfs die onderste deel van die rug insluit.

Voorburg Skild Kropper



Die Voorburg Skild Kropper se liggaamsbou is tussen die Brunner en die Norwich Kropper. Die duif is regop met 'n grasieuse figuur, taamlik lank en slank en is van medium grootte. Die krop is van medium grootte en byna koeëlronde, met 'n taamlike skerp insnyding na die bors en 'n redelike ingegorde middel. Die bene is van medium lengte, net onder die lyf geplaas, regop en in 'n stywe posisie. Die bene is vry van vere. Die duif is heeltemal wit gekleurd, behalwe vir die vlerkskild van gekleurde is. Die 10 primêre hoofslagvere moet ook wit wees.

www.safpa.za.org

SA Blaasduifklub

President: Chris van der Walt
082 378 6447 \ 051 522 3074
plakkers@wol.co.za
Sekretaris: Pieter Neethling
071 2616405
nneethling@polka.co.za

International Brunner Pouter Club

President: Danie Visser
083 3900860
dhvisser@telkomsa.net
Sekretaris: Shaun Ayerst
083 7079017
ronnieayerst@telkomsa.net

